Ontmoeting 13

Jesus is lief vir kinders

Teks: Luk 18:15-16

Hulpmiddels:

- afdrukke van die kroonpatroon vir elke kind
- kramdrukker en skêre
- skryfbehoeftes en ‘n groot vel papier
- ‘n ‘bean bag’-stoel of regop stoel
- ‘n langmou kamerjas en sagte kombers

In hierdie les wil ons die kinders laat beleef dat hulle geliefd en veilig is sodat ons hulle kan help om te besef dat hulle spesiaal is vir Jesus. Daarvoor word daar deurlopend in die les van aanraking gebruik gemaak.

WELKOM

Speel kat en muis met die groep. *(Dit herinner die kinders aan die dissipels wat die kinders wou weghou van Jesus.)* Die groep staan in ‘n sirkel en hou hande vas. Twee van die kinders speel die rolle van die kat en die muis. Die muis begin binne in die sirkel en die kat is buite. Die kat moet probeer om onder die hande van die kinders in die sirkel in te glip om by die muis uit te kom. Die muis moet dan na die buitekant van die sirkel hardloop. Wanneer die kat die muis gevang het, word die muis weer die kat en word ‘n nuwe muis gekies.

Ons volgende speletjie is om almal in ’n sirkel op mekaar se skote te laat sit: Almal staan in ’n kring en draai dan regs sodat hulle anti-kloksgewys kyk en agter mekaar staan. Hulle begin almal stadig en gelyk na die binnekant van die kring beweeg sodat hulle al nader aan mekaar kom. Op ’n stadium is hulle dan so na aan mekaar dat hulle net hul knieë kan buig en dan sit elkeen op die skoot van die een agter hom/ haar. (Hierdie speletjie skep ’n gevoel wat totaal anders as die eerste speletjie is. Almal word ingesluit.)

Sing: “God hou van kindertjies”

“Jesus roep die kindertjies”

WYDING

Stilword-ritueel

Temalied: “Ek hef my hande op” van Luidkidz.

Gebed: Ons bid saam deur hande vas te hou en ’n sinnetjie te bid. Druk die hand van die kind langs jou as jy klaar gebid het, dan weet hy dis sy beurt. Die een wat nie hardop wil bid nie kan net die volgende kind se hand druk. Dié kind kan dan voortgaan met gebed.

WOORD

Om die kinders te help om hierdie teksgedeelte te beleef, lei hulle in die volgende verbeeldingstyd. Gee genoeg tyd na elke sin sodat hulle kan dink. Vra almal om hul oë toe te maak. *“Sien hoe staan jy langs Jesus ... Ruik die stowwerigheid van die grond … en voel hoe sy klere teen jou wang skuur … Neem jou regterhand … en plaas dit op jou kop … Vryf jou kop met jou hand … Verbeel jou dis Jesus se hand wat op jou is … Hy is lief vir kinders en is bly dat jy vandag by Hom kom staan het … (Lees nou vir die kinders Luk 18:15-16 terwyl hul aanhou om hul hare te vryf.) Sien hoe Jesus afkyk na jou toe en vir jou glimlag … Haal nou jou hand van jou kop af en maak jou oë oop.”*

Kinders dink na oor die verhaal van Jesus wat die kinders geseën het:

- Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
- Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.
- Ek wonder wie is jy in die storie.
- Ek wonder of daar ’n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie

WERSKAF

- Gee ’n patroon van ’n kroon wat uitgeknip en versier kan word. Voltooi die kroon deur die punte vas te plak of vas te kram. Nou kan hulle die krone op hul koppe sit. Dit herinner hulle daaraan dat hulle vir Jesus belangrik is.
- Gee vir elkeen wat wil kans om op die “Jy is spesiaal”-stoel te gaan sit. Jy kan hierdie stoel op verskillende maniere maak:

  * ’n bean bag met ’n sagte kombers oor kan werk

  of

  * jy kan ’n kamerjas met lang arms effens opstop en oor die rugleuning van ’n regop stoel hang.

  Die kinders kan dan die “arms” om hul vou en ’n rukkie daar sit. (Indien jou groep groot is, sal dit goed wees as jy meer as een stoel beskikbaar het.)
- Skryf op een groot vel papier (A2) die volgende woorde: “Jesus is lief vir...” en gee die kinders kans om dit te voltooi soos hulle wil.

Sluit af met die seëngroet.

Kopieer die kroon op stewige karton en spuitverf dit goud. Maak gaatjies aan die kante en ryg ‘n rekkie deur om agter die kind se kop om te gaan.